sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Addendum van 12 bladsye (i–xii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

   AFDELING A: Begrip, Taal en Styl (50 punte)
   AFDELING B: Poësie (30 punte)
   AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid (20 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.
4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).
5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.
8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.
9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS*** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag volgens 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.
10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die vraestel in die gegewe tyd voltooi.
11. Skenk aandag aan taalversorging.

## AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

### VRAAG 1

*Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.*

Lees die rubriek "Annemarie van der Walt: Nee wat, om tot tien te tel is vir die voëls" (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Verduidelik die titel van die rubriek in jou eie woorde deur veral op die idiome te fokus. (2)

1.2 Waarom, dink jy, is die rubriekskrywer so desperaat om tussen Kersfees en Nuwejaar af te skakel? (1)

1.3 Verskaf **frases** wat die woorde "enersyds" en "andersyds" (paragraaf 1) onderskeidelik kan vervang. (1)

1.4 Kyk na die twee onderstreepte sinne in paragraaf 2.

1.4.1 Waarom begin die rubriekskrywer die tweede sin met die voegwoord "En"? (1)

1.4.2 **Verduidelik** die tweede sin in jou eie woorde en hoe dit met die woord "teenstrydigheid" in paragraaf 1 skakel. (2)

1.5 In die *HAT Aanlyn* word die woord "subliem" (na aanleiding van paragraaf 2) soos volg gedefinieer:

> **su·bliem** *b.nw.,bw.* [**sublieme**]
> in hoë mate voortreflik; edel; skoon; verhewe:
> *subliem skoonheid / verse / musiek* • *'n sublieme berglandskap.*
> [Frans *sublime;* Latyn *sublimis*]

1.5.1 As watter tipe woordsoort word die woord in hierdie teks gebruik? (1)

1.5.2 Gebruik die woord as die ander woordsoort in 'n verklarende sin. (1)

1.5.3 Verskaf geldige redes waarom jy dink die gebruik van die woord "sublieme" wel binne die konteks gepas is. (2)

1.6 Die woord "wieke" in paragraaf 2 is 'n deftige, ou woord vir die woord "vlerke".

Waarom kies die rubriekskrywer hierdie ou woord en watter emosie word deur die gebruik van hierdie woord geïmpliseer? (2)

IEB Copyright © 2024

1.7 1.7.1 Van watter tegniek maak die rubriekskrywer in die onderstreepte sin in paragraaf 4 gebruik? (1)

1.7.2 Wat is die funksie, binne konteks, van hierdie tegniek? (1)

1.8 Watter gevoelswaarde dra die agtervoegsel in die onderstreepte woord in die tweede sin van paragraaf 4? (1)

1.9 Waarom is die gebruik van die woord "maar" aan die begin van paragraaf 5 funksioneel? Verduidelik volledig. (2)

1.10 Benoem die onderstreepte skryfteken in paragraaf 6 en verduidelik die funksie daarvan. (2)

1.11 Lees weer paragraaf 6 tot 8.

1.11.1 Waarom stel 'n wyse vrou aan die rubriekskrywer voor om haar sintuie in te span en hoe kan sy daarby baat? (2)

1.11.2 Wat is die effek van die eenwoordsin in paragraaf 8 en wat wil die skrywer met hierdie sin aan die leser oordra? (2)

1.12 Skep 'n Afrikaanse neologisme vir die woord "*airplane mode*" in paragraaf 10 óf gee die Standaardafrikaans vir die woord. (1)

1.13 ***MS*** Die hele teks is deurtrek van verwysings na voëls, hulle habitatte en gewoontes.

Verduidelik, aan die hand van teksvoorbeelde, waarom hierdie uitgebreide voëlmetafoor binne konteks van die rubriek uiters geslaagd is. (3)

**[28]**

## VRAAG 2

*Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.*

Lees die rubriek "Welkom in die klub van die reuse" deur Zelda Bezuidenhout (Teks 2 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Let op die leestekengebruik, die punte aan die einde van die sinne uitgesluit, in paragraaf 2 en 5.

Gee die funksie van enige **twee** leestekens in die bogenoemde paragrawe.

Nommer jou antwoorde 2.1.1 en 2.1.2 en noem uit watter paragraaf jou gekose leestekens kom. (2)

2.2 Verduidelik die figuurlike gebruik van die woord "verlammende" in paragraaf 2. (1)

2.3 Verduidelik wat jy verstaan onder die woord "bedrieërsindroom" in paragraaf 2 en wat dit impliseer rakende die rubriekskrywer se selfvertroue. (2)

2.4 Herskryf die sin in paragraaf 4, sonder enige figuurlike taalgebruik, in jou eie woorde. (1)

2.5 Die woord "opgeskorte" soos in paragraaf 5 gebruik, is verkeerd binne konteks gebruik.

Skryf 'n sin neer waarin die woord in die korrekte konteks gebruik word. (1)

2.6 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 7 in die lydende vorm oor. (1)

2.7 Van watter werkwoord is die sterk verlede deelwoord, in paragraaf 7 se derde sin, afgelei? (1)

2.8 ***MS*** Waarom het "Thor" se woorde aan sy geliefde die rubriekskrywer gerusgestel en haar laat voel dat sy ook in ry 16 behoort? (3)

**[12]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 TEKSVERWERKING

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.*

Lees die advertensies vir selfsorgeenhede in Plettenbergbaai geplaas op Lekkeslaap (Teks 3 in die Addendum) aandagtig deur en voer die opdrag uit.

**Situasie:**

Die matriekvakansie is om die draai. Jy en jou vriende se bespreekte verblyf in Plettenbergbaai het deur die mat geval en is daarom op soek na alternatiewe verblyf vir jul groep vriende.

Jy het op gepaste selfsorgverblyf op Lekkeslaap (Teks 3 in die Addendum) afgekom. Jy wil graag hierdie selfsorgeenhede aan die vriendegroep se ouers voorlê omdat julle as jong volwassenes voel dat julle graag julle selfstandigheid wil bewys.

**Opdrag:**

Stel 'n e-pos op waarin jy die geskiktheid van elke selfsorgeenheid lys sodat die ouers op die beste verblyfopsie kan besluit.

- Jou e-pos moet uit **drie paragrawe** bestaan waarin jy die geskiktheid van elk van die selfsorgeenhede lys.

**Let wel:**

- Skryf slegs die inhoud van die e-pos. 'n Opskrif, aanhef en afsluiting is dus onnodig.
- Jou drie paragrawe moet saam tussen **90 en 100 woorde** lank wees.
- Dui jou totale woordtelling onder jou teks aan.
- Gebruik deurgaans jou eie woorde en skryf volsinne.
- Slegs feite uit die teks mag gebruik word.
- Tel alle woorde, ook lidwoorde (die en 'n).
- Jy behoort in totaal 12 tot 16 feite in jou artikel in te sluit.
- Jou teksverwerking sal met 'n metingskaal beoordeel word.

**[10]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B POËSIE

## VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.*

Lees die gedig "Sy naam was Sasha" deur Olga Kirsch (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Hierdie gedig is 'n herinneringsgedig of huldigingsgedig.

Hoe ondersteun die inhoud en die vertelstyl hierdie stelling? (2)

4.2 Noem twee maniere hoe versreël 1 en 5 by mekaar aansluit. (2)

4.3 Wat is die funksie van die tipografiese inkeping en inversie in reël 11 en 12? (2)

4.4 Verduidelik die redes vir beide Sasha en Tanja se "gevangeskap" in die U.S.S.R. (1)

4.5 Wat is die funksie van die s-alliterasie en ee-assonansie in die gedig? (1)

4.6 Verduidelik die simboliek daarvan dat Sasha op Russiese grond in Israel begrawe is. (2)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).*

Lees die gedig "Onsuiwer Wiskunde" deur Tom Gouws (Teks 5A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Waarom kan die gedig vormlik as 'n **Engelse** sonnet gesien word? (1)

5.2 Bestudeer die titel van die gedig.

5.2.1 Gee die betekenisfunksie van die premorfeem in die titel en hoe dit as 'n vooruitskouing van die gediginhoud dien. (2)

5.2.2 Na watter ander gedig verwys die titel en hoe word die inhoud van hierdie interteks in die gedig "Onsuiwer Wiskunde" weerspreek? (2)

5.3 Waarom gebruik die digter die woord "sjamans" in plaas van die standaard meervoudsvorm van die woord? (1)

5.4 Parafraseer die sin in versreël 12 tot 13 in jou eie woorde en verduidelik die betekenis daarvan binne die konteks van die gedig. (2)

5.5 Bestudeer die afdruk (Teks 5B in die Addendum).

Verduidelik breedvoerig hoe hierdie afdruk ook intertekstueel met die gedig skakel. (2)

**[10]**

**OF**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).*

Lees die gedig "Onklaar" deur Ina Rousseau (Teks 6A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

6.1 Waarom kan die gedig as 'n allegorie gesien word? (1)

6.2 Bestudeer die titel van die gedig.

6.2.1 Spreek jou uit oor die betekenisfunksie van die morfeem in die titel en hoe dit as 'n vooruitskouing van die gediginhoud dien. (2)

6.2.2 Verduidelik hoe die titel by die epigraaf of motto aansluit en hoe die inhoud van die gedig by beide aansluit. (2)

6.3 Wat is die funksie van die tipografiese inkeping in die gedig? (1)

6.4 Parafraseer die parentese in versreël 11 tot 12 in jou eie woorde en verduidelik die betekenis daarvan binne die konteks van die gedig. (2)

6.5 Bestudeer die voorblad van die Opperman-biografie (Teks 6B in die Addendum).

Verduidelik breedvoerig hoe hierdie voorblad intertekstueel met die gedig skakel. (2)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.*

Lees die gedig "Kartografie" deur Martjie Bosman (Teks 7 in die Addendum) asook die onderstaande woordverklarings en beantwoord die volgende vrae:

**Kartografie:** Kaartkunde
**Mercator:** Gerardus Mercator was 'n Vlaamse geograaf, kosmograaf en kartograaf. Hy is veral bekend vir die skep van die 1569-wêreldkaart.
**Gaia:** In die Griekse mitologie is Gaia die godin van die aarde, die moeder van alle lewe.

7.1 Wat is die funksie van die gebruik van die woord "ons" in versreël 1? (1)

7.2 Die gedig is 'n voorbeeld van vrye vers.

Hoe word die gedig egter tot 'n eenheid gebind? (1)

7.3 Verduidelik die herhaaldelike gebruik van die woord "om" deur na die funksie en die betekenis daarvan binne die konteks van die gedig te verwys. (2)

7.4 Hoe druk die spreker haar verwondering uit oor die feit dat die mens in staat was om die aarde te karteer? (1)

7.5 Waarom kan die woord "persepsie" in versreël 11 as ironies gesien word? (2)

7.6 Een van die definisies van die woord "transport" in versreël 13 word in die *HAT Aanlyn* soos volg gelys:

**trans+port** s.nw. [gew.ekv.]
**3** 'n dokument wat bewys dat 'n eiendom (stuk grond, huis, ens.) aan iemand behoort: *Die kaart en transport van 'n erf kry.*

***MS*** Waarom, dink jy, kan die gebruik van die woord "transport" in versreël 13 'n moontlike rede vir Gaia se reaksie in die slotstrofe wees? Voer ook 'n ander gemotiveerde rede vir haar optrede aan. (3)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

## VRAAG 8 ADVERTENSIE

*Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.*

Bestudeer die advertensies van Nike (Teks 8A en Teks 8B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

Verwys na beide Teks 8A en Teks 8B.

8.1 Indien beide advertensies langs mekaar gelees word, is dit duidelik dat die twee advertensies geslagte stereotipeer na aanleiding van die hardloop-skoene wat geadverteer word.

8.1.1 Bewys bostaande stelling aan die hand van voorbeelde uit die kopie en die grafika van Teks 8A. Noem ten minste twee voorbeelde uit die kopie en twee voorbeelde uit die grafika. (4)

8.1.2 Verduidelik, aan die hand van voorbeelde uit die kopie en die grafika van Teks 8B, hoe die bostaande stelling bewys word. Noem ten minste twee voorbeelde uit die kopie en twee voorbeelde uit die grafika. (4)

8.2 Korrigeer die tikfout in Teks 8B. (1)

8.3 Watter advertensie het volgens jou die grootste impak? Gee redes vir jou antwoord. (2)

**[11]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9

*Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.*

Bekyk die spotprent deur Niël van Vuuren (Teks 9 in die Addendum), lees die onderstaande meegaande koerantuittreksel en beantwoord die volgende vrae:

Daar's net een ding wat jy doen as jy vroegdag in die wildernis uit die toilet stap en 'n yslike leeumannetjie staan voor jou met moord in sy oë en 'n yslike brul in sy keel. Jy hol!

Louis Zeelie van Colesberg het nie geloer om te sien of die leeu se stormlopie vol byt of net bluf was nie. Hy het die 30 m na hul motor in die Rooiputs-kamp in die Kgalagadi-oorgrenspark in die Noord-Kaap met sy 71-jarige bene in 'n rekordtyd afgelê.

[Bron: Smith, C. (2024). *As leeu jou voor toilet in wildernis inwag, dan hol jy!* [aanlyn] Netwerk24. Beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/as-leeu-jou-voor-toilet-in-wildernis-inwag-dan-hol-jy-20240103>]

9.1 Die visuele uitbeelding van Louis Zeelie in die spotprent weerspreek die erns van die werklike situasie. Verduidelik hierdie stelling aan die hand van twee visuele bewyse. (2)

9.2 Waarom, dink, jy, word die sprong van 2023 na 2024 in die spotprent uitgebeeld; al het dit niks met die leeuvoorval te doen nie? (2)

9.3 Verduidelik die woordspeling in die woorde van die kat aan die regterkant van die spotprent. (2)

9.4 ***MS*** Indien die spotprent enige ander tyd van die jaar gepubliseer is en daar nie melding gemaak is van die begin van 2024 nie, hoe sou jy, indien jy 'n spotprentkunstenaar was, die leeusituasie in 'n spotprent humoristies uitgebeeld het?

Verduidelik jou visuele konsep in 'n kort paragrafie en gee die bewoording in die vorm van 'n spraakborrel. (3)

**[9]**

**20 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024